

ERKENNING

Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Konrad-Adenauer-Stiftung.

Redaksionele Nota

Namibië het net een amptelike taal: Engels. Daarom kan daar ook net een amptelike teks van die Grondwet wees. Die redaksionele komitee en almal wat aan hierdie vertaling meegewerk het, was ten volle bewus daarvan dat die vertaling nie 'n regsdokument is nie en nooit met die amptelike Engelse Grondwet kan meeding nie.

Maar ons het die feit dat ons nie aan 'n amptelike teks werk nie as 'n geleentheid eerder as 'n belemmering gesien. Dit was nie vir ons nodig om woord-vir-woord by die amptelike teks te bly nie. Ons oogmerk was om 'n goeie vertaling in Afrikaans-sprekende Namibiërs se hande te sit wat lekker lees en die Grondwet vir Jan Alleman toeganklik maak.

Die vertalers het die lang sinne van die Engelse teks hier en daar in kort, leesbare sinne opgebreek en soms 'n herhaling van woorde en sinsnede weggelaat as dit die teks moeilik leesbaar maak en niks bydra tot 'n beter verstaan daarvan nie.

Ons gebruik 'n nuwe woord vir die Supreme Court: Hoogste Hof. Dit is 'n veel beter vertaling as die ou koloniale Hooggeregshof. Omdat die huidige Hoërhof voor onafhanklikheid as die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika bekend gestaan het, is die woord Hooggeregshof dikwels verkeerd verstaan. Ons hoop die Hoogste Hof vind byval by die Namibiese publiek.


Nico Horn

Koördineerder, Februarie 2009

© 2009, Kantoor van die Ombudsman en Konrad-Adenauer-Stiftung.



Kantoor van die Ombudsman
Privaatsak 13211
Windhoek
Namibië
Tel. 264-61207 3111
Fax 264-61 220 550
office@ombudsman.org.na
www.ombudsman.org.na



Konrad
Adenauer
Stiftung

Konrad Adenauer Stiftung
P.O. Box 1145
Windhoek
Namibië
info@kas-namibia.org
www.kas.de/namibia

Koördineerder: Prof. Nico Horn
Taalredakteur: Mnr. Johan Linde